



Verwysing: 20160622-1697  
14/7/1/2  
Navrae: TJ Magwaca

Assesseringsbestuursminuut: 0008/2016

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore);  
Adjunkdirekteure; Hoofonderwyskundiges; Bestuurders: Kurrikulumondersteuning;  
Vakadviseurs; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur;  
Adjunk-hoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale  
Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

**Onderwerp: November 2016 Nasionale Senior Sertifikaat-Eksamens: Prosedure en riglyne vir die afneem van die praktiese eksamen in Ontwerp en Visuele Kunste**

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) wil graag u aandag vestig op die prosedures wat gevolg moet word tydens die afneem van die finale praktiese eksamen vir Ontwerp en Visuele Kunste.
2. Die 2016 finale praktiese eksamenvraestelle vir Ontwerp en Visuele Kunste (Ontwerp Vraestel 2 en Visuele Kunste Vraestel 2) sal bestaan uit die volgende twee afdelings:

Afdeling A: Bronboek of Werkboek  
Afdeling B: Die Kunswerk

3. Skole en kunssentrums moet asseblief verseker dat alle kandidate wat Ontwerp en/of Visuele Kunste aanbied, die vraestel teen 20 Julie 2016 ontvang, om in staat te wees om die inligting oor Afdeling A van die vraestel te kry. Kandidate moet by ontvangs van die vraestel 'n register onderteken.
4. In die loop van die 3de kwartaal moet kandidate voldoende navorsing voltooi en alle geskikte materiaal vir Afdeling A van die eksamenvraestel saamvoeg. Afdeling A kan geadministreer word óf tydens onderrigtyd óf na-ure.
5. Afdeling A van die praktiese eksamen moet afgehandel word voordat afdeling B van die praktiese eksamen aangepak word.
6. Afdeling B moet voltooi wees teen 21 Oktober 2016.

7. Afdeling B van die praktiese eksamen moet voltooi word in die eksamenlokaal tydens die normale onderrigtyd en nie na-ure of oor naweke nie. Daar word voorgestel dat bloksessies van 4 tot 6 uur oor 'n aantal dae gereël moet word totdat alle kandidate hulle kunswerke of die toegekende 24 uur verstryk het. Interne reëlings moet getref word by elke skool of sentrum om die tegniese aktiwiteite te akkommodeer wat deur die spesifieke kunsdissipline, byvoorbeeld keramiek, benodig word.
8. Die Visuele Kunste- en/of Ontwerp-onderwyser en/of 'n opsiener **moet** streng toesig hou gedurende die afneem van die eksamen.
9. Kandidate **mag nie** alleen gelaat word terwyl hulle aan Afdeling B werk nie, en **word ook nie toegelaat** om onvoltooide kunswerke of prakties huis toe te neem nie. Alle onvoltooide kunswerke of prakties moet by die skool agtergehou word tot die volgende sessie op die rooster.
10. Alle skole en sentrums wat Ontwerp en/of Visuele Kunste aanbied, word versoek om hulle roosters vir die afneem van Afdeling B aan hulle Distrik Assesseringskoördineerder voor of op 12 Augustus 2016 in te dien. Die Distrik Assesseringskoördineerder moet alle roosters wat ontvang is aan die Senior Onderwysspesialis van Ontwerp en Visuele Kunste stuur voor 22 Augustus 2016 by hierdie eposadres [Ellene.Louw@westerncape.gov.za](mailto:Ellene.Louw@westerncape.gov.za). Die rooster vir die monitering van hierdie praktiese eksamens, gebaseer op die roosters wat deur die skole en sentrums ingelewer is, sal dan opgestel word.
11. Die Wes-kaap Onderwysdepartement (WKOD) en DBO sal die afneem van hierdie praktiese eksamens moniteer. Daarom, om die twee Departemente toe te laat om hulle monitering te reël, moet die gekonsolideerde rooster vir skole en sentrums vir die afneem van Afdeling B van Ontwerp en Visuele Kunste se praktiese eksamen in die Wes-Kaap, deur die Senior Kurrikumplanner aan die DBO gestuur word.
12. Die WKOD sal datums skeduleer vir nasien en moderering om te verseker dat alle praktiese werk nagesien en gemodereer is teen 14 November 2016.
13. Indien daar enige navrae is oor die afneem van die finale praktiese eksamen vir Ontwerp en Visuele Kunste, kan dit gerig word aan me. Ellené Louw by eposadres [Ellene.Louw@westerncape.gov.za](mailto:Ellene.Louw@westerncape.gov.za).
14. U samewerking in hierdie verband sal opreg waardeer word.

**GETEKEN:** BK SCHREUDER

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2016-06-29